

## 19 Mei - HERMON

**Skrifgedeelte: Psalm 133**  
**Fokusgedeelte: Psalm 133:3**

**D**it is merkwaardig dat in die gang van God se reddingsplan *berge* dikwels simboliese betekenis het. Dit is ewe merkwaardig dat daar telkens op berge en heuwels belangrike gebeurtenisse plaasgevind het. Ons kan sê die lyn van God se openbaring van sy reddingsplan loop oor bergtoppe heen.

So is die berg Hermon (aan die noordelike grens van Palestina) ook ryk aan simboliek. Vir die gelowiges wat met die Psalms grootgeword het, roep Hermon (ook Sionsberg genoem, Deut 4:48) veral die woorde van Psalm 133:2 op: *“Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën, op Sionsberg: die Heer gebied die seën, die lewe tot in ewigheid”* (beryming). God se betrokkenheid op aarde is soos dou, ryk nes reën – verkwikkende dou na ’n snikhete dag; onhoorbaar soos dou.

Daar is ook die simboliek van bergkruine van die lewe. Vandaar ontvou die tonele oor ’n lewenspad wat afgelê is. In die fris en vars lug van bergkruine ontvou ook die magtige panorama oor ’n lewenspad wat afgelê is met *bakens van dankbaarheid*. Vanaf hoë kruine is daar uitroeptekens van verruklike ervarings. Wat eers vraagtekens was, is tot uitroeptekens oopgebui.

Vanaf die bergkruin kyk ’n mens ook *vorentoe*. Oor die toekoms sal daar altyd vraagtekens en onsekerhede hang. Daar is, danksy God, ook merkers en bakens van *hoop*. Daar is ook die noodsaaklikheid om *na binne te kyk* – om voorraad van die geestelike arsenaal op te neem, is elkeen se blywende roeping.

*Terug kyk, vorentoe kyk, na binne kyk.* Daar is nóg ’n diepte-aspek wat deur alles heen ook tot sy reg moet kom. Ons moet ook *boontoe kyk*. Dit moet nie maar net ’n geïsoleerde handeling wees nie. Dit moet geïntegreer wees in al ons besinning en in al ons uitsigte.

Mag die bergkruine van die lewe helderkruine en pieke van geloof in en verwondering voor en oor God wees!

*Sing: Psalm 125:1, 2, 3 (1936-beryming)*

*Dr PW Bingle (Emeritus)*